Sondag **27 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19**

## ’n Oop deur met ’n skare genote

Ons ken almal ’n toneel in ’n rolprent van die held wat desperaat in ’n gang afhardloop en een na die ander deur gesluit kry. Die spanning bou op met onheilspellende musiek, totdat hy uiteindelik met die laaste greintjie energie ontsnap.

Jy, as kind van die Here, beleef dit nie. ’n Oop deur. Geen toegangsfooi. Niks. Niemand wat jou jaag nie. Tog is dit die duurste huis om in te woon – so duur dat jy dit nie kan bekostig nie. Jy kan dit nie op rekening kry en oor ’n tydperk afbetaal nie. Jou alles is niks werd nie.

Die deur is oop. Daar is ’n kennisgewing op die deur: Oopgesluit deur ’n gebreekte liggaam en bloed wat vergiet is. Dit was die prys.

Die oomblik wat jy voor die deur staan, besef jy dat dit vir jou heeltemal oopgaan. Die geluid wat jy hoor, is die stem van Jesus wat sê: *Dit is volbring.* Dan besef jy die volle impak van die woorde wat jy so dikwels aan die Nagmaaltafel gehoor het: “… die volkome versoening vir al jou sonde …

Vers 25 sê inderdaad dat die oordeelsdag naderkom. Hierdie oordeelsdag is een van twee momente: óf jou sterwensoomblik óf die oomblik dat Jesus terugkom. Jy weet nie wanneer enige van hierdie twee momente gaan gebeur nie.

Daarom moet jy nou ingaan. Nou jou ewige lewe wat reeds met jou wedergeboorte begin het, lééf. Hebreërs 11 en 12:1 verhaal diegene wat ons vooruitgegaan het. Vers 25 sê dat jy nie alleen feesvier nie – die skare wat Sondag vir Sondag saam met jou in die erediens is, deel saam met jou die genadevreugde. Hóór dit! Lééf dit! Elke Sondag!

*Sing: Psalm 4-1:2, 4*

*Dr. HF (Hennie) van Wyk (Emeritus)*